Verwysing: 20210517-3027
Lêerno.: 12/2/3
Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0036/2021
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *In hierdie omsendbrief word beheerliggame in kennis gestel van die aansoekprosedure om die aantal grade of vakke te vermeerder of te verminder, of die onderrigtaal (graad R tot 12) te verander, asook die implementering van tegniese, beroeps- en/of beroepsgerigte strome by skole.*

**Onderwerp: Die vermeerdering of vermindering van die aantal grade of vakke, of die verandering van die onderrigtaal (graad R tot 12), asook die implementering van tegniese, beroeps- en/of beroepsgerigte strome by skole**

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0011/2010 van 04 Maart 2010.

2. Hierdie omsendbrief verskaf die voorskrifte wat deur skoolbestuurspanne en beheerliggame gevolg moet word wanneer aansoek gedoen word om die aantal grade of vakke, of die onderrigtaal in graad R tot 12 by gewone openbare skole, insluitende nuwe skole, te verander.

3. Voor die indiening van enige aansoek, moet die uitvoerbaarheid daarvan eers met die kringbestuurder bespreek word. Tydens hierdie aanvanklike bespreking, moet die volgende faktore oorweeg word:

3.1 Is hierdie aansoek in ooreenstemming met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se vasgestelde prioriteite, bv. die Driestroommodel?
3.2 Is hierdie aansoek in ooreenstemming met die distrik se onderwysvoorsieningsplan?
3.3 Sal die taal van onderrig en leer, waarvoor aansoek gedoen word, die beste moontlike geleentheid tot sukses vir die leerders bied?
3.4 Wat is die implikasies vir die huidige en toekomstige bekostigbare groep poste?

3.5 Is daar tans botallige opvoeders wat die bekendstelling van die kurrikulum, waarvoor aansoek gedoen word, kan aanbied of sal die aansoek daartoe lei dat personeellede botallig verklaar word?

3.6 Die volle implikasie van die aansoek ten opsigte van die benutting van die huidige infrastruktuur, klaskamerruimte, spesialiskamers, werksessies en ander bronne (insluitende handboeke, gespesialiseerde toerusting en rekenaars). Dit moet in ag geneem word dat indien 'n skool aansoek doen vir 'n vak wat gespesialiseerde toerusting vereis, en onder andere hardeware vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie, die aansoek slegs vir 'n latere implementeringsdatum goedgekeur kan word.

3.7 Kan die skool 'n nuwe vak vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) met eie fondse volhou?

3.8 Is daar nabygeleë skole wat reeds dieselfde vak(ke) aanbied?

3.9 Hoe sal die nuwe vak die bestaande vakpakket by die skool verbeter en aan die toekomstige loopbaanvooruitsigte van 'n leerder voldoen?

4. Waar skole aansoek doen om beroepsgeoriënteerde vakke in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase (AOO) (graad 8 en 9) bekend te stel, moet die volgende addisionele kriteria oorweeg word:

4.1 Die ontwikkeling van duidelike leerbane (die leerbaan wat 'n leerder volg op grond van die vakkombinasies/-velde) vir die VOO-fase is baie belangrik.

4.2 Die bekendstelling van beroepsgeoriënteerde vakke in gewone openbare skole op VOO-vlak moet beplan word om verdere leer- en naskoolse werksgeleenthede te bevorder.

5. Waar 'n skool in die toekoms 'n graad of vak wil uitfaseer, moet daar met die betrokke kringbestuurder reëlings getref word om die oortollige toerusting en leer- en onderrig ondersteuningsmateriaal (LOOM) oor te plaas na waar dit benodig word.

6. Ten einde die skool se aansoek te ondersteun, moet die volgende dokumente saam met die aansoek ingedien word:

6.1 Die ondertekende notule van die beheerliggaamvergadering waar die aanbieding van die kurrikulum bespreek en goedgekeur is. Die notule moet ook inligting bevat oor hoe ouers ingelig sal word oor die impak van die nuwe taal-, vak- of beroepsgerigte stroom waarvoor aansoek gedoen word.

6.2 Besonderhede van die beskikbare infrastruktuur om praktiese vakke aan te bied, insluitend die skool se planne om fondse in te samel om die nodige infrastruktuur waar nodig te bekom.

6.3 Besonderhede van die bestaande en nuwe VOO-vakpakket, indien die aansoek goedgekeur word.

7. Die prinsipaal moet die aansoek (Deel A van die WKOD 092-aansoekvorm) voor of op **30 April** van die voorafgaande jaar by die kringbestuurder indien. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie, aangesien die toekenning van opvoederposte gekoppel is aan die groep bekostigbare poste soos jaarliks teen 30 September deur die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap verklaar. Aansoeke wat ná die sperdatum ingedien word, sal eers in die volgende akademiese jaar oorweeg word.

8. Die WKOD sal elke skool teen **31 Julie** in kennis stel van die uitslag van die aansoek.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2021-06-18

**WKOD 092**

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**

**AANSOEK OM VERMEERDERING OF VERMINDERING VAN DIE AANTAL GRADE OF VAKKE, OF VIR VERANDERINGE AAN DIE ONDERRIGTAAL (GRAAD R TOT 12).**

**DEEL A** (Om deur die skool voltooi te word)

***LET WEL:*** *Hierdie aansoek moet die kringbestuurder teen* ***30 April*** *van die jaar voor die beoogde verandering bereik.*

.

Aansoeker se besonderhede

<table>
<tr><td rowspan="8">SPERDATUM: Let asseblief daarop dat geen laat aansoeke oorweeg sal word nie.<br><br>VOLTOOIING VAN HIERDIE AANSOEK: Deel A moet deur die prinsipaal voltooi word.<br><br>Deel B moet deur die distriks-kantoor voltooi word.</td><td>Skool se naam, adres en OBIS-nommer.</td><td colspan="3"></td></tr>
<tr><td>Prinsipaal se naam en kontak-besonderhede.</td><td colspan="3"></td></tr>
<tr><td>Kringbestuurder se naam en kontak-besonderhede.</td><td colspan="3"></td></tr>
<tr><td rowspan="4">Aansoek word gedoen vir (Maak asseblief 'n X in die toepaslike blokkie(s).)</td><td>Byvoeging tot die aantal grade.</td><td>Addisionele onderrigtaal.</td><td>Byvoeging tot die aantal vakke wat aangebied word.</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Vermindering in die aantal grade.</td><td>Vermindering in die aantal onderrigtale.</td><td>Vermindering in die aantal vakke wat aangebied word.</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Redes vir die verandering(e) (Dui uitslae van die skool se assessering aan).</td><td colspan="3"></td></tr>
</table>

<table>
<tr><td></td><td>Dui asseblief die belang-hebbendes aan wat geraadpleeg is, en of die uitvoerbaarheid van die aansoek met die kring-bestuurder bespreek is.</td><td colspan="14"></td></tr>
<tr><td rowspan="4"><u>Huidige inskrywing</u> (per graad)</td><td rowspan="4">Dui asseblief die aantal leerders EN klasse onder elke graad aan.</td><td colspan="2">Graad R</td><td colspan="2">Graad 1</td><td colspan="2">Graad 2</td><td colspan="2">Graad 3</td><td colspan="2">Graad 4</td><td colspan="2">Graad 5</td><td colspan="2">Graad 6</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td colspan="2">Graad 7</td><td colspan="2">Graad 8</td><td colspan="2">Graad 9</td><td colspan="2">Graad 10</td><td colspan="2">Graad 11</td><td colspan="2">Graad 12</td><td colspan="2" rowspan="2"></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="4"><u>Verwagte inskrywing</u> (per graad) vir die volgende jaar</td><td rowspan="4">Dui asseblief die aantal leerders EN klasse onder elke graad aan.</td><td colspan="2">Graad R</td><td colspan="2">Graad 1</td><td colspan="2">Graad 2</td><td colspan="2">Graad 3</td><td colspan="2">Graad 4</td><td colspan="2">Graad 5</td><td colspan="2">Graad 6</td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td colspan="2">Graad 7</td><td colspan="2">Graad 8</td><td colspan="2">Graad 9</td><td colspan="2">Graad 10</td><td colspan="2">Graad 11</td><td colspan="2">Graad 12</td><td colspan="2" rowspan="2"></td></tr>
<tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr>
</table>

2. Vermeerdering of vermindering in aantal vakke en/of onderrigtale

| Jaar EN Graad | AOO en VOO | Beroepsgeoriënteerde vak (graad 8 en 9) | VOO |
|---|---|---|---|
| | Onderrigtaal waarvoor aansoek gedoen word<br>**OF**<br>Onderrigtaal wat gestaak gaan word. | Nuwe beroeps-georiënteerde vak(ke) waarvoor aansoek gedoen word. | Nuwe vak(ke) waarvoor aansoek gedoen word<br>**OF**<br>vak(ke) wat gestaak gaan word. |
| Jaar 1<br>20___<br>Graad (grade)<br>______ | 1. | 1. | 1. |
| | 2. | 2. | 2. |
| | 3. | 3. | 3. |
| Jaar 2<br>20____<br>Graad (grade)<br>______ | | | |
| Jaar 3<br>20____<br>Graad (grade)<br>_______ | | | |

3. Hulpbronimplikasies

| Jaar EN Graad | VOO en AOO (graad 8 tot 9) | | |
|---|---|---|---|
| | Fasiliteite, bv. klaskamers (*Spesifiseer asseblief die tipe en totaal benodig.)* | Meubels, handboeke en toerusting wat benodig word (*Spesifiseer asseblief die tipe en totaal benodig.*) | Addisionele personeel wat benodig word (*Spesifiseer asseblief.*) |
| Jaar 1<br>20___<br>Graad (grade)<br>_____ | | | |
| Jaar 2<br>20____<br>Graad (grade)<br>_____ | | | |
| Jaar 3<br>20____<br>Graad (grade)<br>_____ | | | |
| Jaar 4<br>20____<br>Graad (grade)<br>_____ | | | |
| **Watter gedeelte van die bogenoemde kan die skool self met eie fondse volhou?** | | | |

_____________________ _____________________

**PRINSIPAAL** **DATUM**

_____________________ _____________________

**VOORSITTER (BEHEERLIGGAAM)** **DATUM**

_____________________

**SKOOLSTEMPEL**

*(Die prinsipaal moet die voltooide aansoekvorm teen* ***30 April*** *by die kringbestuurder indien en die skoolstempel op hierdie bladsy aanbring.)*

**DEEL B**

**DISTRIKSKANTOOR SE VERIFIKASIE VAN HIERDIE AANSOEK**

| Kontrolelys vir Verifikasie | Ja | Nee | Kommentaar |
|---|---|---|---|
| 1. Is 'n ter plaatse verifikasie van die aansoek uitgevoer en is die verslag op aanvraag beskikbaar? | | | |
| 2. Is 'n aanvanklike vergadering tussen die kringbestuur en die prinsipaal gehou om die uitvoerbaarheid van die aansoek te oorweeg? | | | |
| 3. Is die notule van die beheerliggaamvergadering ingesluit en noem dit hoe ouers oor die aanbieding van die nuwe kurrikulum ingelig sal word? | | | |
| 4. Het die skool 'n assessering van sy behoeftes gedoen en wat dit kan bied? | | | |
| 5. Is daar fasiliteite beskikbaar (bv. voldoende klaskamer(s) om die beoogde verandering(e) te akkommodeer? | | | |
| 6. Word personeelvoorsieningsbehoeftes op 'n bevredigende wyse in hierdie aansoek aangespreek? | | | |
| 7. Is daar botallige/beskikbare onderwysers en/of tegniese onderrigpersoneel om as addisionele personeel op te tree? | | | |
| 8. Is daar enige ander skole in die omgewing/kring wat dieselfde spesialisvak(ke) in graad 10 tot 12 aanbied, d.w.s. Verbruikerstudies? | | | |
| 9. Is reëlings getref om oortollige toerusting en LOOM oor te plaas na skole waar dit benodig word? *(Slegs van toepassing wanneer die aantal grade of vakke verminder word.)* | | | |

Kommentaar
……………………………………………………………………………………………………………….……………
…………………………………………………………………………………………………………………………

**KRINGBESTUURDER** **DATUM**

Kommentaar

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

**HOOF: KURRIKULUMONDERSTEUNING** **DATUM**

Kommentaar

………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………..

**DISTRIKSDIREKTEUR** **DATUM**

**Goedgekeur/Afgekeur**

**VOORSITTER: EVALUERINGSKOMITEE** **DATUM**
**(HOOFDIREKTEUR: DISTRIKTE)**